Volkskasnuus

Volkskas

Jaargang 2 Nr 6 Junie 1985

# Eertydse glorie herleef

## Pretoriase geboue-erfenis word behou danksy Volkskas

**Pretoria** – Die twee oudste handelsgeboue in Pretoria, die Sammy Marks-gebou en die Kynoch-gebou, gaan ingevolge 'n ooreenkoms tussen die Stadsraad van Pretoria en die Volkskas-stigting gerestoureer word.

Die aankondiging dat 'n ooreenkoms gesluit is tussen die Stadsraad, wat die eienaar van die geboue is, en Volkskas, volg ná intensiewe onderhandeling tussen die partye. Dit bevestig albei se erns om twee van Pretoria se geskiedkundig belangrike geboue vir die nageslag te bewaar.

Die skema waarvolgens die restourasie van die geboue behartig sal word, volg na deeglike oorlegpleging tussen Volkskas en Samuel Pauw Argitekte, en is reeds in beginsel goedgekeur deur die direksie van Volkskas Beperk en die Stadsraad van Pretoria.

### Volkskas leen R3 miljoen aan restourasiemaatskappy

Die Volkskas-stigting sal 'n aansoek indien om die geboue te huur vanaf 1 Januarie 1986 vir 'n termyn van 50 jaar onder dieselfde voorwaardes as die huidige huurders. Dit sal verseker dat die Stadsraad geen verlies aan inkomste uit huur of eiendomsbelasting ondervind nie.

Volkskas Beperk is bereid om 'n langtermynlening van ongeveer R3 miljoen teen markverwante rentekoerse aan die restourasiemaatskappy te leen. Die geld sal aangewend word om die geboue behoorlik te restoureer en vir kommersiële verhuring gereed te maak.

Volkskas het 'n beperking van R3 miljoen op sy betrokkenheid en het aangedui dat hy sy posisie in heroorweging sal moet neem indien die restourasiekoste die goedgekeurde bedrag aansienlik sou oorskry.

### Skep balans tussen oue en nuwe

Vanuit 'n historiese, kultuurhistoriese en boukundige oogpunt is die geboue van groot betekenis vir die karakter van die stad. In hul aantreklike vormgewing bied hulle 'n interessante besoekpunt vir skoliere, studente, die algemene publiek en toeriste. Teenoor die nuwe Staatsteater verteenwoordig die geboue die historiese dimensie wat oriëntasie verleen tussen die oue en die nuwe in Pretoria.


Die Stadsraad van Pretoria het oor 'n tydperk dit sy erns gemaak om te verseker dat die geboue nie gesloop word nie, en die Stadsraad se aanvaarding van die restourasieskema gee aan Volkskas die geleentheid om op tasbare en gepaste wyse te toon dat die kultuurhistoriese erfenis van Suid-Afrika 'n hoë prioriteit by Volkskas geniet.

### Buite-aansig onveranderd

Dit is 'n uitdruklike voorwaarde van die restourasie-ooreenkoms tussen Volkskas en die Stadsraad dat die buitekant van die geboue so na as moontlik aan die oorspronklike moet vertoon wat vorm en afwerking betref, terwyl die binnekant ingerig sal word met die heel modernste toebehore en toerusting vir verhuring as luukse winkels, kantore en 'n restaurant.

Die Stadsraad van Pretoria en Volkskas het hulle ten doel gestel om die buitekant van die geboue as nasionale gedenkwaardighede te laat verklaar nadat restourasie voltooi is.

**Volkskasnuus** wil nie sake vooruit loop nie, maar dis glo nie onmoontlik nie dat die gebou ook 'n klein Volkskas-tak sal huisves wat so reg in die styl van die dertigerjare versier is. So iets sal 'n interessante toeriste-aantreklikheid kan word, byna soos die dorpie by die groot oop myn in Kimberley.




*'n Rustige straattoneel met die Kynoch-gebou (regs) en die Sammy Marks-gebou soos hulle in 1922 daar uitgesien het.*

# Begrotingsoorsig help kliënte met finansiële besluite

**Pretoria** – Korporatiewe kliënte is 'n baie belangrike marksegment vir enige finansiële instelling. Dit is dus belangrik dat net die beste professionele aandag te alle tye aan hierdie kliënte gegee word.

Om Volkskas se dienste aan sy korporatiewe kliënte verder uit te brei, het Korporatiewe Afdeling die middag nadat die Minister van Finansies sy begrotingsrede in die Parlement gelewer het, 'n begrotingsoorsig vir sy kliënte gereël. Dit het 'n geleentheid gebied vir Volkskas se groot kliënte, wat deur Korporatiewe Afdeling bedien word, om 'n interpretasie van die begroting aan te hoor enkele ure nadat die begroting ter tafel gelê is.

Die aanbieding van die begrotingsoorsig het beteken dat Volkskas se ekonome na die begrotingstoespraak moes luister, en onder groot druk die nuwe begroting moes bespreek ter voorbereiding van die aanbieding. Daar is gebruik gemaak van bandopnemers en 'n Reuterskerm om die inligting op te neem en te verwerk.

In hul ontleding van die begroting vir 1985/86 het Volkskas se ekonome daarop gewys dat staatsuitgawes waarskynlik die begrote bedrag sal oorskry, maar dat die oorskryding matig sal wees. Die tekort voor lenings is ook heelwat kleiner, wat daarop dui dat die begroting nie die ekonomie sal stimuleer nie. Verder sal finansiering van die tekort voor lenings geskied sonder om geld te skep, wat sal bydra tot die bereiking van 'n laer inflasiekoers. Die verwagting is ook dat die begroting 'n bydrae sal maak in die bereiking van laer rentekoerse wat in die loop van 1985 verwag word.

Ons ekonome se grootste punt van kritiek was teen die omvang van die aangekondigde belastingverhogings. Hulle is van mening dat ekonomiese groeivooruitsigte as gevolg hiervan verder verswak het.

Die Afdeling Openbare Betrekkinge het 'n puik onthaal gereël vir die 90 kliënte en senior personeellede van Volkskas wat die funksie bygewoon het. Kliënte wat so ver as van Louis Trichardt, Nelspruit, Bethal, Klerksdorp, Nylstroom en Rustenburg gekom het, is ook die geleentheid gegee om gesellig met die bestuur van Volkskas te verkeer, tydens die skemerkelkie wat na die oorsig aangebied is.

Korporatiewe Afdeling beoog om hierdie aanbieding 'n jaarlikse instelling te maak.



*Adam Jacobs, ekonoom van Volkskas Beperk, wat tydens die begrotingsoorsig die woord gevoer het.*

Johan Coetzee, Korporatiewe Bestuurder, is van mening dat die sukses van die funksie 'n verdere positiewe stap is in die ontwikkeling van verhoudingsbankwese met Volkskas se uitsoek-kliënte.